Sondag, 22 Augustus 2021

By die oorgang van een tyd na ‘n volgende: Van Wie kom ons hulp?

“Toe het Samuel ‘n klip geneem en tussen Mispa en Sen opgerig. Hy het dit Eben-Haeser genoem en gesê: ‘Tot hiertoe het die Here ons gehelp.’...
Die volk het gesê: ‘Nee, daar moet ‘n koning oor ons wees! Ons wil ook soos die ander nasies wees, ons koning moet oor ons regeer, hy moet voor ons uit trek en ons oorloë vir ons voer.’ Samuel het na al die woorde van die volk geluister en dit aan die Here voorgelê. Die Here het vir Samuel gesê: ‘Luister na hulle en stel vir hulle ‘n koning aan.’”
(1 Samuel 7:12 en 8:19-22)

Die figuur van Samuel en die verhale rondom hom (1 Sam. 1 tot 8), vorm ‘n oorgang tussen die Rigterstyd en ‘n nuwe era in die geskiedenis van die volk Israel. Dit was asof die groot klip wat Samuel tussen Mispa en Sen regop gesit het, ‘n baken van daardie oorgang was. Ver agter hulle – ongeveer tweehonderd jaar terug – het Moses sy afskeidswoorde op die Moabsvlakte aan hul gerig en het Josua hul deur die Jordaanrivier gelei (Deut. 33 & 34, Josua 3). Dit was tweehonderd jaar van stryd en worsteling, ook van wankeling en verval; “In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie, elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë”, eindig die Boek van die Rigters (21:25). In dáárdie konteks roep God vir Samuel na vore, en die afgelope paar Sondae het ons iets van sy leierskap as profeet – boodskapper van God – gehoor; ‘n tyd, twintig jaar waarin daar uitkoms en vrede vir Israel gekom het, ook die regspraak het hanteer; hy was vir hul soos ‘n (laaste) “rigter” (1 Sam. 7:15). En tóe kom die volk se versoek: ‘n Nuwe bedeling is nodig, hul wil ‘n “koning soos die ander nasies” hê (8:5, 19-20).

Waar loop die weg langs deur sulke oorgangstye? Wat neem ons saam, wat laat ons agter? Wat is die essensie van wie ons is, van wat ons glo?

Oorgangstye is moeilik, dit beleef ons tans ook self. En ons reageer op verskillende maniere daarop: Die volk sien nie kans vir Samuel se seuns as rigters nie (8:1-3); Samuel self sien hul versoek om ‘n koning as “verkeerd” (8:6), en met goeie rede (8:10-18). Maar die verrassende in hierdie verhaal, is die woorde van die Here...

Groter as ons daaglikse kwellinge, en hoog bó ons aardse planne verhewe (Psalm 2), is Hy die Getroue, Hý gaan nie weg...

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout. As gevolg van Covid-ontwrigte omstandighede, is daar slegs hierdie een diens vandag by Berg-en-Dal, moes die Nagmaal uitgestel word, is daar ook geen video-opname vooraf gemaak nie en is daar geen kategese.
Daar sal wel ‘n opname tydens die erediens gemaak word en later langs die gewone kanale en YouTube na almal uitgestuur word.

LITURGIE

Wydingsmoment: "Hoor ons bid, o Heer..." (Lied 278, twee keer)

Aansteek van Wydingskers: Trudie O'Neill (sy verjaar vandag!)

Votum en seëngroet

Aanbiddingslied: "Sing juigend, sing 'n nuwe loflied" (Psalm 33:1, 5 en 7)

Verootmoediging: Eksodus 20:1-17
"Heer, wees genadig" (Lied 243, twee keer)

Genadeverkondiging: 1 Johannes 1:5-10

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Toewyding: "Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het" (Lied 245:1 en 3)

Epiklesegebed

Skriflesing: 1 Samuel 7:2, 12-13 en 8:1-22

Oordenking

Slotlied: "Bring aan die volke die boodskap" (Lied 486:1, 3 en 4)

Seënbede

Orrelnaspel

Met dank ook aan ons digitale span wat die uitsending moontlik maak: dr. Johan Cromhout, Tannie Magdaleen Schoch (blomme), Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg en Rita van Zyl.

Ander Eredienste:

Sondag, 22 Augustus	15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sotho-diens)
Sondag, 29 Augustus	09:30 – ds. Jan Lubbe (Bybelsondag); gesinsdiens in die saal – ds. Johan Marais. 18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé)

Ons kan tans 50 lidmate per erediens terug ontvang soos hierbó uiteengesit. Tot tyd en wyl daar 'n verandering in die inperkingsmaatreëls kom, nooi ons elke week die ander helfte van die gemeente na die erediens in die kerk (29 Augustus: Wyke 2, 3 en 8-15 wes en suid van die kerkgebou). Gesinne met kleiner kinders is welkom in die kerksaal. Ons gee reëlings ook per sms deur; bly dus so op hoogte.
Die gewone veiligheidsreëlings van kom gesond, met jou masker en handreiniging by die kerkdeur, bly geld.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

22 Aug	Trudi O'Neill.
23 Aug	Chris de Lange en Mineé van den Berg.
24 Aug	Winnie Barnard, Francois Bothma, Willem Groenewald, Riana de Villiers.
25 Aug	Annelie Bezuidenhout, Dippie Dippenaar en Luan Smith.
27 Aug	Jorrie Jordaan, Sunita Keyser en Wollie Strydom.
28 Aug	Danie Niebuhr, Jacques van der Merwe en Michelle van Zyl.

Ons dink in hierdie dae van nood, in ons gebede aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Hermien Davel (Santé 68, wyk 18b); Pieter Joubert, seun van Dirk en Anmari (Henry Faganstr. 25, wyk 11b); Dirk Nel (Maxzell 2, Kolbelaan, wyk 13a); Duan Kymdell (Mockestr. 2, wyk 9a); Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a).

As gemeente treur ons saam met hul wat treur, en bid vir almal wat siek is of nog herstel van Covid-19; vir almal wat (weer) onder groot ontwrigting van hierdie pandemie ly. Ons dink opnuut aan dokters en verpleegpersoneel, en aan die skole in ons stad, aan ouers. Ons bid dat julle moed sal hou. Ons dink in besonder en met meegevoel, aan Liz van Vuuren (Winterstr.27, wyk 6b) en familie, by die heengaan van Koos die afgelope week. Liz het Koos sedert sy val twaalf jaar gelede so getrou en met toewyding versorg. Lizeth Kruger (Kapt. Dawsonstr. 2, wyk 1b) se suster is ook onlangs oorlede, en ons dink aan hulle as familie – ons bid jul almal die nabyheid en troos van die Here toe.

Daar is ook rede vir blydskap: verlede naweek is Gerhard Nel en Paula van Niekerk getroud, ons gelukwense aan hulle en aan Gert en Marie Nel (Kmdt.Senekalstr. 72, wyk 3c). Ons het ook gedeel in die vreugde van klein Juandré Veldman se doop; mag hulle as gesin en familie seën beleef, groeikrag en gesondheid.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag die gebedsversoeke wil ontvang.
Sondagoggend 08:30 is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal en die Woordverkondiging Wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword…
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met 'n nuwe reeks oor die Psalms en ander liedere in die Bybel begin, *"Voor die aangesig van God..."* (samelopend met die eredienste oor die koningsverhale uit 1 en 2 Samuel). 'n Kort video, werksbladsy en stemboodskap met inligting word Woensdagaande per w/a na jou gestuur. Kontak ds. Jan by 082 784 9362 as jy wil inskakel.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep het ook weer aanlyn hervat. Tema: *Wanneer God beeldryk oor sy kerk praat...* Kontak gerus vir ds. Johan (084 517 8052).

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

Ds. Jan se isolasietydperk weens Covid het afgelope Vrydag verstryk, maar ds. Johan is tans in isolasie ná blootstelling aan iemand wat Covid+ getoets het. Die situasie word deurgaans bestuur so goed ons kan.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: In Augustus sorg **Wyke 7** (Blok tussen kerkgebou, Preller Plein en Emily Hobhouse Plein) en **8** (Blok Noord van Emily Hobhouse Plein) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita (083 656 1680) of die kantoor.

Kantoorure:
Maandae, Woensdae en Donderdae is Rita van Zyl van 08:30 tot 12:30 aan diens en Dinsdae en Vrydae is Adri v/d Berg van 09:00 tot 13:00 aan diens. Alle personeel is egter per foon of epos bereikbaar.

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Ons is tans besig om toestemmingsbriewe van alle lidmate te bekom vir die versameling, uitsluitlike gebruik en bewaring van u basiese persoonlike inligting. Daar is vorms in die kerkkantoor beskikbaar wat u net kan kom onderteken, of u kan dit ook elektronies doen – die nodige vorm word na u foon versend. Baie dankie vir almal se samewerking in hierdie verband.

Bestuursraadsvergadering: Maandag, 23 Augustus om 18:00.
Kerkraadsvergadering: Sondagaand, 5 September om 18:00

BEDIENINGE

Jeugbediening: Kategese
Ons moes weens Covid-ontwrigting by twee skole in ons omgewing, ons kategese eers uitstel na volgende Sondag, 29 Augustus. Pas julself mooi op!

Getuienisbediening: Noodleniging NGK Vrystaat se Brandfonds
Bydraes tot die Noodfonds van die NGK VS om brandskades te help verlig is steeds welkom: **Komberse, beddegoed** en **nie-bederfbare kruideniers** kan na die kerk-kantoor gebring word; kontantbydraes kan na ons gemeenterekening oorbetaal word, verwysing Noodfonds. Daar is ook nog van die ENGO-penne agter in die kerk; neem 'n koevertjie en ondersteun ook hul deurlopende noodleniging aan behoeftiges.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (22 Augustus: Sinodale Bediening: Kerkjeug).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:
Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...